



# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 73e Uitgawe 9 Oktober 2015  
saam met Koersvas 73



## In die Naam van die HERE

“Elkeen wat die naam van die Here Jesus aanroep, sal gered word.” Hoe kan mens sing tot eer van Sy Naam? ‘n Mens kan mos sing tot eer van die Here, of tot eer van God? Wat is die werklike bedoeling van die term “... Sy Naam?” Wat bedoel die Bybel dan dat elkeen wat Sy naam aanroep, gered sal word? Moes die Bybel nie gestel het: “Elkeen wat die Here Jesus aanroep, sal gered word?” nie? In Oktober 1947 kon die Weeshuis sy 25-jarige bestaan vier en het ds JJ Prinsloo, onder andere gesê: “Werk wat in die Naam van die Here gedoen is, is nooit ‘n mislukkig nie.” Ons taak is: “Gaan maak in Christus naam vrede met God.” Die Skietlood gaan nou ‘n paar uitgawes wy aan ‘n saak wat aanvanklik eenvoudig skyn te wees, maar kompleks verstaan moet word. Wat is in ‘n NAAM?

Ons moet waak daarteen om anachronisties (buite tydkonteks, tydrenkundige vergissing of onjuistheid) oor ‘n “naam” te dink. In die antieke wêreld was “naam” baie meer as net ‘n aanduiding van item of persoon. Dit was ‘n onmisbare deel van die identiteit van ‘n mens. Daar sou gewaag kon word om te stel dat ‘n mens bestaan uit liggaam, siel en naam. Die saak is selfs meer kompleks as dit. Ons sal alle moontlike betekenis en kontekste in ag moet neem voordat ons ‘n betekenis toedig aan ‘n naam.

Wanneer ouers in daardie tyd ‘n naam gee aan kind, word die kind se eie situasie of die kind se verbintenis in ag geneem. Die kind kon ‘n voorvader se naam kry, dan het die kind daardie

voorvader verteenwoordig in die gemeenskap. As alternatief kon die ouers die kind vernoem na ‘n afgestorwene, in welke geval die kind die leemte geskep deur hierdie afsterwe gevul het. ‘n Naam was nie noodwendig lewenslank dieselfde vir daardie persoon nie. Soms by iets soos volwassewording (*barmitswa* byvoorbeeld) het die persoon ‘n nuwe naam gekry omdat die mens nuut gemaak kan word. Somtyds was ‘n eie werklikheid geskets of ‘n nuwe werklikheid verwoord. Naomi vra om Mara genoem te word, God hernoem Abram en Sara. Heel dikwels het die naam die wesenskern van die persoon opgesom.

Ervaring van wil en mag was in ‘n naam weergegee. ‘n Naam was nie abstrak nie, maar het vorm, inhoud en wil gegee aan die benoemde. Mense kon net met gode werk - en hulle “oproep” - om kragtige dade te doen indien hulle die god se naam geken het. Inteendeel hulle moes die naam reg kon aanroep. Geheime name was derhalwe ‘n manier om jouself te beskerm teen naammisbruik.

Wat om nou te doen? Ons moet teen die agtergrond wat nou net gegee is, eers duidelik stel dat ons die word “naam” in konteks moet verstaan. Die Nuwe Testament se gebruik van *onoma* (ονόμα = naam) (en soms ook λεγομένην = genoem) om die “naam” = *shem* (שֵׁם) van die Ou Testament te vertaal, dui daarop dat die Nuwe Testament die betekenisvelde oorgeneem het. Ons moet kennis neem van die Ou- en Nuwe

Testament se verstaansmoontlikhede, en dit bylees in ons interpretasies.

Om te begin bt 'n kort agtergrond van wat "naam" se betekenisvelde was in die antieke tye:

Naam is;

1. verwysend na ding of persoon, Om 'n naam te ken, is om iemand te ken.
2. Naam is reputasie: Ons kan aanneem dat reputasie uitbreiding is van naam. Soos prestasie en naam wyer bekend word, word naam sinoniem met reputasie en aksie. So het dit gebeur dat roem verwys het na naam maak, reputasie vestig. By die toering van Babel wou mense naam maak, hulle reputasie vestig. 'n Slegte reputasie het beteken mense word "naamloos".
3. Om meer name te gee en te hê is om multi-dimensioneel te wees. Mense roep gode aan en gebruik alle name en byvoeglike name om weskenmerke te noem en hulp te verseker.

#### Ou Testament:

*Shem* (*שֵׁם*) word 770 enkelvoudig en 84 keer in die meervoud gebruik. Dit is duidelik dat 'n naam sinvolle betekenis het en dat daar mag opgesluit is in die gee van 'n naam, asook die naam self. Adam gee in opdrag van God aan die diere name, beheer hulle en definieer hulle verhouding met hom, met ander woorde naam gee is nie net 'n vorm van beheer nie, maar gee **uiting aan die verhouding** tussen genaamde en naamgewer. Anders gestel, in die gee en ken van 'n naam, word 'n moontlikheid tot verhouding geskep. God gee name aan die son, maan en sterre en bepaal hulle verhoudings onderling en met Hom.

Naam en bestaan was onlosmaaklik verbind. Die essensie van die mens of objek was in die naam gekonsentreer. Solank die naam bestaan, bestaan die essensie van die persoon. God belowe Israel se aanhouende bestaan. (Jesaja 56:5 *Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie.* 66:22 *Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.*) 'n Naam was gekoppel aan die **mens en aan sy mag**. So het dit gebeur dat daar in tye van nood, hulp beskikbaar was. 'n Vrou in moeilikheid (sonder huis, honger) vra die man se naam aan, neem met ander woorde sy naam aan en dit dui aan dat sy die man se besitting is en derhalwe onder sy beskerming is. (Lees gerus Jesaja 4:1 *En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg.*) Net so kan ons stel dat God se naam oor Israel uitgespreek word en derhalwe is Israel God se eiendom en onder Sy beheer. (Jesaja 63:19 *Ons het geword soos hulle oor wie U nie van ouds af geheers het nie, oor wie u Naam nie uitgeroep is nie.* 2 Kronieke 7:14 *en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.*)

Vandag maak ons baie van die genetika. Ons verstaan ook dat die gene van die ouers aan kinders oorgedra word en so

leef die ouers langer in die gene van die kinders. Dit was toe anders. ‘n Naam en die persoon wat deur die naam verteenwoordig word, kon ook lewend gehou word deur die **nageslag**. Anders as ons genetiese benadering, was die **leviraatshuwelik** een waar ‘n naam lewend gehou kon word deur iemand anders wat ‘n nageslag verwek in die naam van ....

Naam het soms die **persoon se aard** aangedui, het identiteit bepaal, was deel van ‘n wesens-aanduiding. (I Samuel 25:25 *My heer moet hom tog nie steur aan daardie deugniet van ‘n man, aan Nabal nie; want soos sy naam is, so is hy; sy naam beteken dwaas, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienares het my heer se jongmanne wat u gestuur het, nie gesien nie.*)

Die **volle betekenisveld** van die mens kan in die naam teenwoordig wees. **Eva** was die eerste moeder en haar naam beteken **lewegewer**. Soms was dit net ‘n spesifieke identiteitskenmerk soos Jakob wat aangedui was, soos die betekenis van sy naam wat bedrieër was. Esau beteken rooi, hy was rooi van gelaat en die rooi dis van lensiesop was sy ondergang. Die naam, Isak, herinner aan sy ma se lag, omdat Isak betekenisverwant is aan lag.

Mense se name kon ook verander na gelang hulle situasie verander het. ‘n Nuwe rol in die Farao se huishouding beteken Josef kry ‘n nuwe naam, Daniel en sy vriende word in die vreemde hernoem, en Naomi kies na gelang haar omstandighede verander, ook weer ‘n naam. (Rut 1:20 *Toe antwoord sy hulle: Noem my nie Naómi nie: noem my Mara, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.*) Ons lees baie ook dat God

ook name verander; Abram word Abraham, Sara word Sarai, Jakob word Israel. Soms was name gegee om ‘n profesie uit te spreek. Jeremia se kinders se name (deur God voorgeskryf) was aanklagte teen Israel.

#### Naam van die HERE; JHWH (יהוה of יְהוָה)

Om met God te kan handel, moes die mens Sy naam ken en so Sy wese. God is natuurlik anders as die gode wat deur mense geskep is. Hy het beheer oor Sy NAAM en besluit wat om aan wie te openbaar (in die Ou Testament). Naam en openbaring het met mekaar te doen in ‘n komplekse verbintenis. God is ontologies transcendent en tog dinamies immanent. God is na Sy wese verhewe, maar hy draai na ons toe en hierdie draai word verwoord in metafore soos Engel, Heerlikheid, Gesig, maar veral NAAM.

Jakob wou die naam hê van die een met wie hy gestoei het (Genesis 32:30) en so ook Manoag. In beide gevalle weier die Here om aan die versoek te voldoen. Hy voeg in Manoag se geval ‘n vraag by. (Rigters 13:16-1 8 *En die Engel van die HERE antwoord Manóag: Al hou jy My op, Ek sal nie van jou brood eet nie; maar as jy ‘n brandoffer wil berei, offer dit dan aan die HERE. Want Manóag het nie geweet dat dit die Engel van die HERE was nie. Daarop vra Manóag die Engel van die HERE: Wat is u naam, dat ons U kan vereer as u woord uitkom? En die Engel van die HERE sê vir hom: Waarom vra jy dan na my naam terwyl Hy wonderbaar is?*) God is wonderbaar en Hy is nie tot enige mens se beskikking nie.

Tog gee Hy ‘n antwoord en naam aan Abraham en Moses. Hy bly egter in beheer en Hy definieer HOMSELF in Sy wese en optrede. God se naam wys

terug na die Here self omdat hy nie deur eksterne kragte of faktore bepaal word nie. God kies om Homself te openbaar en maak iets van Homself bekend in die naam wat Hy noem.

Israel kon nou Sy naam koppel aan die tempel. Hulle kan Sy naam aanroep omdat God Homself na die mens keer en Homself aan ons openbaar sonder om tot ons beskikking gestel te word. Naam verwys na God se openbaring, sy na die mens gekeerde deel.

Die antieke wêreld se verstaan van naam as aanduiding van wese lei daartoe dat hulle gedink het; indien die Naam van JHWH teenwoordig is in die (tempel/heiligdom), God self teenwoordig was. Dit het beteken dat die aanroep van die Naam beteken het die wese, met ander woorde God word aangeroep. Die Naam van die Here waarborg die teenwoordigheid van die Here, al bly God in beheer. Hy is op Sy troon en tog is die uitroep van Sy naam oor die tempel waarborg van Sy teenwoordigheid.

So kon Dawid in die Naam van die Here Goliat aanvat (*beshem JHWH - בשם יהוה*) (I Samuel 17:45). Hy was oortuig die Here was met hom.

Profete het hulle uitsprake gekoppel aan die naam van die Here. Om te profeteer in die Naam het by profete gedui op die opdrag wat gegee is en gedui op wie die opdrag gegee het. Die fokus was beide op die opdrag en die een wat die opdrag gegee het. “Naam” het gesag gegee aan beide.

Om in iemand se naam op te tree is om as sy verteenwoordiger op te tree, en deel te neem in sy gesag. Ons sal telkens na die konteks moet kyk om te bepaal wat die nuanse is in die teks wat ondersoek word. Dit is nodig om daarop

te dui dat die Septuaginta (LXX – Griekse vertaling van die Ou Testament) *onoma* meer as 1000 gebruik in die vertaal van *shem* en ander aanduidings van naam. God se naam bly heilig en dit is waarom Rabbis in hulle lees en gedagtes JHWH vervang met die woord *Adonaih*. – ons Heer. Hoe diep sny ons denke wanneer ons in die Tien Gebooie lees dat ons die Here se naam nie ydellik mag gebruik nie? Volgende keer sny ons nog dieper deur die Nuwe Testament se perspektief by te voeg.